# Inhoudsopgawe


**Voorwoord** 1

**Inleiding tot die poësie** 2

**Gedigontledings** 6

Barnard, Elmé – *Thumela* 6
Boerneef – *Dit spook hier woes met nuwemaan* 9
Breytenbach, Breyten – *Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif* 12
Castelyn Eveleen – *Hansie en Grietjie* 15
Coetzee, Adriaan – *laat die kind kom* 18
Coetzer, Corné – *Kombuis* 21
Coetzer, Toast – *plaasroman 11* 24
Conradie, Elizabeth – *gebed vir die mens* 27
De Lange, Johann – *Google Golgota* 30
*Marilyn Monroe: foto buite beeld* 33
Du Plessis, I.D. – *Rietfontein* 37
Du Plessis, Koos – *Sprokie vir 'n stadskind* 41
Du Toit, S.J. – *Die elwekoning* 44
Esterhuizen, Louis – *By die eeuwending* 48
*duifgrys, die liefde* 52
Eybers, Elisabeth – *Busrit in die aand* 55
Fagan, H.A. – *"Nkosi sikelel' i-Afrika"* 59
Grundling, Erns – *Kuberkulose (variasie vir husse met ore)* 62
Hambidge, Joan – *La mano de Dios* 66
*Michael Jackson (1958–2009)* 70
*Susan Boyle* 74
Kennedy, Hunter – *monoloog in stereo* 77
Leipoldt, C. Louis – *Wys my die plek* 80
Letoit, André – *die son loop agter wolke deur* 83
Louw, N.P. van Wyk – *Die beiteltjie* 86
*Die strandjutwolf* 90
Marais, Danie – *Nie 'n vrye vers nie* 93
Marais, Loftus – *Sewe reaksies op 'n seemeeugeraamte* 95
Martin, Magmoed – *Life vannie jobless* 98
Meiring, Leané – *Die jong digter* 101
Naudé, Charl-Pierre – *Tuisresep* 104
Oliphant, Vincent – *27 April 1994* 107
Olivier, Fanie – *David de Lange* 110
Opperman, D.J. – *Digter* 113
*Fabel* 115
Opperman, John-Henry – *Balans* 118
Prins, Johannes – *donker materie* 121
Samuel, Andries – *ja* 124
Small, Adam – *Proud ou gabou* 127
*Wie's hy?* 130


Verskuns Gr 10 HT.indb 7 2016/08/02 1:07 PM

Smith, Susan – *e-sonnet* 132
Smits, Hilda – *Onthou, julle* 135
Snyders, Peter – *Ek is oek important* 137
Spies, Lina – *'n Paternoster vir Suid-Afrika* 139
Van der Merwe, Prevot – *netwerk* 142
Van der Walt, Ansa – *elegie vir 'n skoolloopbaan* 145
Van Heerden, Ernst – *Die gewigopteller* 147
Van Niekerk, Marlene – *trapsuutjies* 149
*troetelwoorde vir ogilvie douglas* 151
Van Rensburg, Marie – *My siel, Pa* 153
Van Wyk, Janet – *Lya Konnokos* 155
Viljoen, Fanie – *onthou jy?* 158
Walters, M.M. – *Janfiskaal* 160
*Skeepsverslag: Titanic* 162
**Formele assessering: Toetse** **166**
**Bronnelys** **178**

# Gedigontledings

## Elmé Barnard

## Thumela (*Verskuns*, bl. 1)

### Die gedig in konteks

Die digter het as Graad 10-leerder aan 'n poësiekompetisie deelgeneem en die gedig "Thumela" het in die bundel *Poort*, waarin die beste gedigte van die kompetisie publiseer is, verskyn. Elmé Barnard sê dat hulle as graad 10's gekyk het na die uitbundige matrieks wat op hul laaste skooldag die skool en die dinge van hul kindwees gegroet het. Dit het só 'n indruk op haar gemaak dat sy hierdie gedig geskryf het.

### Ontleding

| | |
|---|---|
| **Titel** | Die woord *Thumela* kom in isiXhosa en isiZulu voor en beteken om te stuur, weg te stuur, te versend, oor te dra. In die konteks van hierdie gedig kan dit beteken dat die "jy" in die gedig klaar met skool is en nou na 'n nuwe lewe in die volwasse wêreld versend word. |
| **Bou** | Die gedig bestaan uit **een strofe met twee-en-twintig reëls**. Hierdie gedig is in die vorm van 'n **vrye vers** (*vers libre*) geskryf. Die kenmerke van 'n vrye vers wat in die gedig voorkom is dat die reëls nie almal ewe lank is nie en dat die gedig nie 'n vaste rymskema het nie. Alhoewel min hoofletters voorkom en min leestekens in die gedig gebruik word, is dit nie noodwendig kenmerkend van 'n vrye vers nie. |
| **Klankeffekte** | In 'n vrye vers kan halfrym as bindingsmiddel optree. In r. 3 kom **aa**-assonansie voor, in r. 5 **o**-assonansie en **e**-assonansie in r. 12. In r. 12 en 18 kom **g**-alliterasie voor. Die gedig het nie 'n vaste rympatroon nie. |
| **Tipografie** | In r. 2, 3, 8, 11, 14 en 22 kom wit spasies voor wat **tipografiese wit** genoem word. Die funksie van die tipografiese wit is om tydsverloop aan te dui, om te beklemtoon of om te wys op 'n oorgang na 'n volgende gedagte. In r. 2 word die groet van die volgende gedagte geskei, in r. 3, 8, 11 en 14 beklemtoon die tipografiese wit die handeling van die (oud)leerder terwyl die tipografiese wit in r. 22 die gedagte beklemtoon dat die waarnemer wonder of die skooljare dan niks beteken het nie. |

| | |
|---|---|
| **Dele van die gedig** | Daar kan **drie dele** in die gedig onderskei word. In die eerste deel (r. 1–17) word die skoolverlater se aksie waargeneem, in die tweede deel (r. 18 en 19) is dit die reaksie van die onderwyser op die leerder se optrede en in die derde deel (r. 20–22) kry ons die spreker/waarnemer se reaksie. |
| **Deel 1** | In r. 1–17 neem die spreker die skoolverlater se aksies waar; hy/sy skreegroet die onderwyser, wat op vreugde kan dui (r. 1 en 2), kyk vir oulaas na die kennisgewingbord (r. 4–8), gooi die boeksak in die lug (r. 9–11), gooi die geskiedenisboek weg (r. 11–15) en verdwyn vreugdevol om die hoek van die gebou (r. 16 en 17).<br><br>In r. 3 word die finaliteit van die handeling deur die **tipografiese wit** beklemtoon. Die **alleenplasing** van die woord "gestaar" in r. 8 beklemtoon die nie-werklik-kyk van die skoolverlater – hy/sy is nie werklik ernstig om kennis te neem van die skoolaktiwiteite nie, want hy/sy verlaat die skool. Die omvang van die skoolaktiwiteite word met die woorde "hordes" (r. 5) en "lyste" (r. 6) uitgehef. Die wyse waarop die boeksak in die lug gegooi is, word deur die **tipografie** in r. 11 beklemtoon – die woorde is na regs in die versreël geplaas. |



Verskuns Gr 10 HT.indb 6 2016/08/02 1:07 PM

| | |
|---|---|
| **Deel 1 (vervolg)** | Die sirkelbeweging waarmee die geskiedenisboek gegooi word (en die leerder só sy/haar eie geskiedenis van sy/haar skoolloopbaan afsluit) word met die woorde "met 'n wilde tol" aangedui. Die geskiedenisboek se weggooi sluit by die titel van die gedig aan en ondersteun die versendproses van die skoolverlater na die volwasse lewe.<br>Die **alleenplasing** van "verward" (r. 14) en die **tipografiese wit** beklemtoon die verwarde gevoel van die skoolverlater wat na die volwasse wêreld versend word.<br>**Beeldspraak** (personifikasie) kom voor wanneer die blaaie van die geskiedenisboek "verward" oor die "skoolvierkant saai". Dit sluit aan by die verwarring van skoolverlaters wat nog nie weet wat hul toekomsplanne is nie. Die woord "saai" (r. 15) kan versprei beteken, wat aansluit by die skoolverlaters wat versprei/versend word na die volwasse wêreld. Die handeling van die skoolverlater word afgesluit met die vrolike wegstap in r. 16 en 17 wat die **suggestie** laat dat die skoolverlater nie die skoollewe sal mis nie. Die woord "laggend" (r. 16) kan ook dui op die uitbundige vreugde dat die skoolloopbaan verby is. |
| **Deel 2** | In r. 18 en 19 word die onderwyser se reaksie weergegee. Daar is 'n ooreenkoms tussen die handeling van die skoolverlater (r. 3: "gemaak ernstig") en die onderwyser (r. 18: "gemaak geskok") – albei gee voor. Die onderwyser draai weg en die **suggestie** is dat die onderwyser nie die leerder sal mis nie, die woorde "gemaak geskok . . . weggedraai" kan daarop dui dat die onderwyser gewoond is aan sulke gedrag van skoolverlaters of dat hy wel die skoolverlater sal mis. |
| **Deel 3** | Die waarnemer/spreker gee sy/haar eie gedagtes weer in r. 20–22. Die spreker wonder of "dit" dan niks vir die skoolverlater beteken het nie. Die woord "dit" kan verwys na die vak geskiedenis wat op skool geleer is en wat die skoolverlater verwerp deur die boek in die lug te gooi. Dit kan ook verwys na die geskiedenis van die skoolloopbaan wat verwerp word op pad na die nuwe lewe wat "om 'n hoek" op die skoolverlater wag. In r. 22 word die woorde na regs geplaas (**tipografiese wit**), wat die spreker se vertwyfeling of die skool dan enigsins iets vir die skoolverlater beteken het, uithef.<br>Die gedig sluit in r. 20–22 af met 'n **retoriese vraag** om die leser te betrek en ook na te dink oor die betekenis van sy/haar skooljare. |
| **Tema** | Die tema van die gedig is die vreugde van die skoolverlater om na die volwasse wêreld versend/gestuur te word. |

## Kontekstuele vrae

1. Wat beteken die titel van dié gedig? Haal 'n woord uit r. 12–15 aan wat by dié betekenis aansluit.

______________________________

______________________________

2. Skryf die betekenis van die titel in ten minste **twee** van Suid-Afrika se amptelike tale neer.

______________________________

______________________________

3. Noem die **drie** dele waaruit die gedig bestaan en gee kortliks die inhoud van elke deel weer.

______________________________

______________________________

______________________________

4. Wat is die rede dat "meneer" in r. 1 met 'n kleinletter geskryf is?

______________________________

5. Watter emosie ervaar die "jy" in r. 2? Wat is die rede vir dié emosie?

______________________________

______________________________



Verskuns Gr 10 HT.indb 7 2016/08/02 1:07 PM

6. Skryf r. 3 neer. Onderstreep en benoem die **halfrym** in die reël.

7. Watter ooreenkoms is daar tussen die reaksie van die skoolverlater in r. 1–17 en die onderwyser in r. 18–19? Haal 'n woord uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.

8. Benoem die **beeldspraak** wat in r. 12–14 voorkom.

9. Waarna kan "geskiedenis" (r. 12) verwys?

10. Dink jy dit is korrek om jou geskiedenisboeke weg te gooi? Motiveer jou antwoord.

11. Waarna kan die woord "verward" (r. 14) verwys en hoe word dit beklemtoon?

12. Haal 'n frase uit die gedig aan om aan te dui dat daar min mense op die skoolterrein was.

13. Gee die **geïmpliseerde betekenis** van r. 16–17.

14. Hoekom dink jy het die meneer weggedraai (r. 19)?

15. Wie is die spreker in die gedig?

16. Hoe kontrasteer die "jy" (r. 1–17) met die spreker? Lyk dit uit die gedig of die spreker ook soos die "jy" sal optree op die laaste dag van sy/haar skoolloopbaan? Motiveer jou antwoord.

17. Hoe sluit die titel by die tema van die gedig aan? Motiveer jou antwoord.

18. Gee bewyse dat hierdie gedig 'n vrye vers is.

19. Met watter tradisies dink jy moet 'n skoolloopbaan afgesluit word? Motiveer jou antwoord.



Verskuns Gr 10 HT.indb 8 2016/08/02 1:07 PM